Donderdag **13 Junie**
**Skrifgedeelte: Johannes 3:1-15 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Johannes 3:3, 5 (AFR2020)**
**Van nag-volgeling tot dag-dissipel – nét deur die Gees!**
In die donkerte van die nag ... met die buitelyne van hulle gesigte in die flikkerende lamplig afgeëts, sit Nikodemus voor Jesus. Skaam om in die dag openlik saam met Jesus gesien en geassosieer te word.
Tog, aangegryp deur die wondertekens (o.a. water in wyn) erken Hy Jesus as ’n Leermeester, selfs dat Hy van God af moet kom. Hy het ’n opregte begeerte om die waarheid oor en van Jesus te leer – uit die mond van die Leermeester!
Jesus antwoord ... en op die oog af lyk dit nie of Hy direk reageer op Nikodemus se stelling nie. Tog het sy antwoord álles te make met wat tussen Hom en Nikodemus aan die gebeur is.
En wat sê Jesus? Hy sê dat God nie net water in wyn kan verander nie, maar dat Hy ook ménse gaan verander: *Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.*
En logies, geen mens kan tog hom/haarself laat gebore word nie. Nee, dit moet van Bo (= opnuut) kom! Jesus herhaal met baie beslistheid: *Dit verseker ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan Hy die Koninkryk van God nie ingaan nie.*
Het jy die byvoeging/uitbreiding gehoor: *van Bo* vervang Jesus nou met *uit water en Gees*. Water is onder andere ’n verwysing na die liggaamlike geboorte, maar dit moet óók uit die Gees gebeur.
Jesus wys hier op die grootste van God se wonderwerke, naamlik ’n geestelike lewendmaking, die wedergeboorte! Daar moet ’n nuwe lewe in mense gebore word ... om die koninkryk in te gaan!
Is jy ’n nag-volgeling ... of dag-dissipel van Jesus Christus? Stel jy net én dalk opreg belang in Jesus, óf verstaan jy dat jy nie die Koninkryk van God kan ingaan ... burger van sy genadevolle ryk kan word, deel kan hê aan die seëninge van dié koninkryk – as jy nie opnuut deur die Gees gebore is nie?!
Hierdie nuutgeboorte werk die Gees in mens deur die verkondiging van die evangelie wat Jesus hier verder aan Nikodemus vertel (1 Pet. 1:23-25). Hoor en luister jy nog dáárna?
*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*
*Dr. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*